

# Swierige eeufeesviering vir SA Hereford-telers



**D**ie SA Hereford-telersvereniging is vanjaar 'n eeu gelede gestig. 'n Spogdinee tydens die Swartland-skou op Moorreesburg was die hoogtepunt van die feesvieringe. Hereford-telers en gaste van regoor Suid-Afrika, asook Kanada en Mexiko, het die verrigtinge bygewoon.

BKB het 'n veiling behartig waar tien Herefords opgeveil is. Die hoogste prys wat behaal is, was R230 000, wat die Lodewyk Fourie-trust van Schweizer-Reneke vir 'n bul van dr Carl Scholtz van Clocolan betaal het.



Hierdie bul is as die opperste kampioenbul, opperste Hereford-kampioen en junior kampioenbul aangewys. Die bul is vir R230 000 aan die Lodewyk Fourie-trust verkoop. Van links is Pule Mosheshe, hanteerder, dr Carl Scholtz, verkoper, en Joan Scholtz.



'n Groot aantal telers van regoor Suid-Afrika het eerbewyse en sertifikate van die vereniging ontvang. By hulle is Bertus Mong, voorsitter van die SA Hereford-telersvereniging (naasregs), en Liezel Grobler van SA Stamboek in Bloemfontein (regs).



Verskeie pryse is tydens die dinee aan telers oorhandig wat puik prestasies behaal het. Van links is dr Hinner Köster van Cullinan, prof Esté van Marlé Köster van Cullinan, Heiko Köster van Cullinan, Grant Puttergill van Thornhill, Cillié de Vries van Wolseley, Liezel Grobler van SA Stamboek in Bloemfontein, Drikus Mouton van Citrusdal, dr Carl Scholtz van Clocolan, Bertus Mong van Villiersdorp, wat ook die voorsitter van die SA Hereford-telersvereniging is, Jan-Willem Scholtz van Clocolan en Jack Ward, 'n beesbeoordelaar uit Amerika wat die Nasionale Herefordkampioenskapskou beoordeel het.



Lourens Kemp, dr Hinner Köster, Lourens van Tonder van Absa, prof Esté van Marlé Köster en Heiko Köster by die koei van Vicedale Herefords, wat die goue beker op die interras-kampioenskap gewen het en ook as grootkampioen vroulike dier aangewys is, en haar kalf.



Wicus Kruger, wat as lewenslange ere-president aangewys is, Liezel Grobler, sekretaresse, en Bertus Mong, president.



Hans Köster, lewenslange ere-president van die SA Hereford-genootskap, is tydens die eeufeesvieringe vereer vir sy lewenslange bydrae tot die ras. Agter is Annetjie Köster, dr Hinner Köster, Bernhard Köster, Heiko Köster en Lourens Kemp. Voor is Hans Köster, Heide Köster en prof Esté van Marlé-Köster.

Nog hoogtepunte van die eeufeesvieringe was 'n groet-en-ontmoet geselligheid op 5 September, op-die-hoef beoordeling op 6 September, en 'n speenkalf-inligtingsdag en hanteerderskursus op 6 September.



'n Gesellige groet-en-ontmoet geleentheid is op 5 September 2017 by Die Hut gehou. Talle telers en verskeie internasionale gaste het dit bygewoon en tot laat gekuier.



Die gaste het vir 'n smaaklike ete aangesit en heerlik saam gekuier.



Beeste van uitstaande gehalte is by die op-die-hoef en aan-die-hak beoordeling vertoon. Die diere is ná die beoordeling na die Tomis-abattoir vervoer en geslag.




Die op-die-hoef beoordeling van die beeste het op 6 September 2017 plaasgevind. Die beoordeling is deur 'n senior keurder, Kevin Miles, behartig. Philip de Waal van die Loheim-stoet was die op-die-hoef wenner met sy Hereford- en Angus-kruisings. Danie van Breda van Ja-Niel Herefords was die aan-die-hak wenner met sy suiwer Herefords.



Die beeste wat vir die beoordeling ingeskryf is, het vir strawwe mededinging tussen die deelnemers gesorg.



'n Speenkalf-inligtingsdag en hanteerderskursus is op 6 September 2017 aangebied. Sowat 60 studente en opkomende boere het die verrigtinge bygewoon.



Praktiese demonstrasies is gehou om die inligting oor te dra. Die hanteerderskursus is deur dr Hinner Köster en die speenkalf-inligtingsdag deur Russell Clark aangebied.